

# 3

# ‘n Verrassing vir Gogo

## My gesin



“Haai Gogo … oor twee weke is jy sewentig jaar oud!” sê Mamma.

Daardie nag, toe Gugu in die bed lê, dink sy aan al die wonderlike dinge wat Gogo al vir haar gedoen het.
“Ek moet ‘n mooi present vir Gogo gee.”
“Wat sal dit wees?”

“Ek sal vir Gogo ‘n verjaardagpartytjie gee!” dink Gugu.





Gugu maak uitnodigings.
*Kom Saterdag na Gogo se verrassingspartytjie.*
*Bring asseblief kos saam.  Liefde Gugu.*

Toe niemand kyk nie …

Steek sy een in Pappa se kosblik weg.
Sy glip een in oom Jabu se groot sak.
Sy sit een in nig Nozi se spoggerige handsak.
Sy skuif een in tant Mavis se groot inkopiesak.

Soos Saterdag al naderkom, begin Gugu bekommerd raak.
Het haar gesin die uitnodigings gekry?



Saterdagoggend trek Gugu haar partytjierok aan en gaan met die trappe af ondertoe.
"Ding dong!" lui die deurklokkie.
Gogo maak die deur oop … een, twee, drie, vier, vyf!
Almal is daar!
"Veels geluk, liewe Gogo," sing almal.

